

# WIE IS XENU?

**Ek wil aan jou 'n verhaal vertel. Sit jy gemaklik? Goed, dan kan ek begin.**

*Lank lank gelede (75 miljoen jaar gelede, om presies te wees) was daar 'n buiteruimtelike leier, en sy naam was Xenu. Xenu was in beheer van al die planete aan hierdie kant van die melkweg, asook ons eie planeet Aarde, maar in daardie tyd was dit Teegeeack genoem.*

*Xenu het 'n probleem gehad. Al 76 planete wat hy beheer het, was oorbevolk, en elke planeet het gemiddeld 178 biljoen mense gehad. Hy wou ontslae raak van al die mense, en het toe 'n bose plan beraam.*

*Met die hulp van rebelle het Xenu oorgeneem, en al die goeie mense en Getroue Offisiere verslaan. Toe het hy, met die hulp van psigiaters, biljoene mense ingeroep vir skynbare inkomstebelasting-inspeksies, waar hulle egter verdoof is deur inspuitings met 'n mengsel van alkohol en glikol. Daarna was hulle in ruimtetuie geplaas wat net soos DC8 vliegtuie gelyk het (met stralerenjins in plaas van propellers).*



*Hierdie DC8 ruimtetuie het toe na die planeet Aarde gevlieg, waar die verdoofde mense aan die voet van vuurspuwende berge neergelê was, by die honderde biljoene. Toe hulle klaar was, het hulle waterstofbomme binne in die vulkane gesit en Xenu het al die bomme gelyktydig laat afgaan, sodat al die mense gesterf het.*

*Die verhaal eindig nie daar nie. Omdat almal 'n siel het ('n "thetan" genoem in hierdie verhaal), moes hierdie siele gevang word sodat hulle nie kon terugkom nie. Daarom, terwyl die honderde biljoene siele in die kernstorms rondgewaai het, het hy spesiale elektroniese lokvalle gebruik wat al die siele in elektroniese strale vasgevang het (die elektroniese strale was taai, net soos vlieëvanger-linte).*

*Toe hy al die siele gevang het, het hy hulle in kiste gesit en hulle na 'n fliëk gevat. Die siele moes dae en dae lank na spesiale 3D fliëks gekyk het, wat hulle voorgeskryf het hoe die lewe moes wees, en baie ander dinge. In hierdie fliëks was hulle valse prente gewys, en gesê dat hierdie valse beelde God, die Duiwel, en Christus was. In die verhaal, was dit "implantering" genoem.*

*Toe die fliëks geëindig het, en die siele die teaters verlaat het, het dié wat dieselfde fliëks gesien het, begin om in groepe bymekaar te bly, want hulle het gedink dat hulle dieselfde soort mense was. Omdat daar net 'n paar lewendige liggame oor was, het die siele in hulle groepies saam binne in die liggame gaan woon.*

*Wat Xenu betref, het die Getroue Offisiere hom oorrompel, en hom diep in 'n berg op een van die planeete opgesluit. Xenu is binne in 'n kragveld vasgevang, wat deur 'n ewigdurende battery aangedryf word en waar hy tot vandag toe nog lewe ....*


Dit is die einde van die verhaal. Dus, is ons almal vandag nog vol van hierdie groepe siele wat "liggaam-thetans" genoem word. En as ons vry siele wou wees, dan moet ons van die "liggaam-thetans" ontslae raak, en baie geld betaal om dit reg te kry. Die enigste rede waarom mense in God en Christus geglo het, was omdat dit in die fliëks gewys het wat die "liggaam-thetans" 75 Miljoen jare gelede gesien het.

Nou toe, wat dink jy van hierdie verhaal?

**Wat?** Dink jy dat dit 'n **onnosel** verhaal is?

Ons ook. **Máár**, hierdie verhaal is die kern van die geloof bekend as *Scientology*\*. As mense van hierdie storie bewus was, dan sou hulle nie aan dit geraak het nie. Hierdie verhaal word eers aan jou vertel wanneer jy een van hulle geheime vlakke bereik het, wat "OT III" genoem word. Daarna moet jy telepaties kommunikeer met hierdie "liggaam-thetans" om hulle te laat weggaan. Jy moet baie geld betaal om by hierdie vlak uit te kom (of jy moes baie hard werk vir die organisasie teen 'n baie lae salaris vir baie jare).

Ons vertel jou hierdie verhaal as 'n waarskuwing. As jy betrokke raak by *Scientology*, dan moet jy jou oë oophou en volledige bewus wees van die soort materiaal daarin.



The head of the Galactic Confederation (76 planets around larger stars visible from here) (totalled 75,000,000,000, very sparse people) solved overpopulation (250 billion or so per planet - 178 billion an average) by mass implanting. He caused people to be brought to Deegeeack (Earth) and put on H. Bant on the principal volcanoes (Incident 2)

Deel van die eerste bladsy van die geheime OT III dokument in L. Ron Hubbard se eie handskrif..

Die meeste van die *Scientology*-volgelingen wat in hulle *Dianetics*\* sentrums en sogenaamde *Scientology* "Kerke" werk, ken nie hierdie verhaal nie, aangesien hulle verbied word om dit te hoor totdat hulle die geheime "top" vlakke van *Scientology* bereik. Dit mag egter baie jare neem voordat hulle hierdie vlak bereik, as hulle ooit so ver sou kom. Dié van hulle wat dit weet moet stilbly daarvoor en dit 'n geheim hou vir die mense wat by *Scientology* betrokke raak.

[www.xenu.net](http://www.xenu.net)

Nou dat jy dit gelees het, ken jy hulle grootste geheim. Moet egter nie toelaat dat ons jou afraai om betrokke te raak nie!

\* "*Dianetics*" en "*Scientology*" is handelsmerke van die "*Religious Technology Centre*". Hierdie dokument is nie op enige manier verbind tot daardie organisasie nie. Vertaling deur Christi van Wyk/ Translation by Christi van Wyk